# LRAD

**DEPARTEMENT: LANDBOU**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

# *HERVERDELING VAN GROND VIR LANDBOUONTWIKKELING*

---

**VOORWOORD**

Die `LRAD' inligtingsbrosjure verskaf maklik verstaanbare antwoorde op vrae wat dikwels gevra word. Die brosjure verskaf ook inligting om potensiële begunstigdes en verkopers te help om die basiese konsepte en vereistes te verstaan waaraan voldoen moet word om op enige stadium voordeel te trek uit die program, hetsy as verkoper, agent of begunstigde.

Die brosjure vervang nie die beleidsdokument (LRAD) of die programhandleiding nie, maar is net 'n byvoegsel om persone te help wat nie ingewikkelde konsepte verstaan nie of vir diegene wat vinnig antwoorde op eenvoudige vrae verlang.

**1. Wat is die LRAD program?**

Die grondherverdeling- en ontwikkelingsprogram (LRAD) is ontwerp om voorheen benadeelde Suid-Afrikaanse burgers van die swart, kleurling of Indiër gemeenskappe te help om grond of landbou-implemente vir landboudoeleindes aan te koop.

**2. Hoe word mense daardeur gehelp?**

Meeste mense het nie geld om grond vir boerdery aan te koop nie. Hierdie program sal van hulp wees deur geld beskikbaar te stel aan suksesvolle applikante as aanvulling tot die bedrag wat hulle reeds het vir die aankoop van landbougrond. Dit sal geskied in die vorm van regeringsubsidies wat volgens `n sekere kriterium toegestaan sal word.

**3. Wat behels die LRAD subsidie?**

Dit is `n nieterugbetaalbare vorm van befondsing of finansiële bydrae deur die Regering om voornemende boere te help om grond aan te koop.

**4. Hoeveel sal ek ontvang?**

'n Formule sal bepaal hoeveel geld 'n individu sal ontvang. Die formule is gebaseer op hoeveel geld wat 'n persoon bydra tot die aankoop van die spesifieke stuk grond of landbou-implemente (eie finansiële bydrae), wat die persoon gaan bydra in die vorm van insette ten opsigte van boerderyaktiwiteite op die spesifieke grond (soortgelyke bydrae), of 'n kombinasie van die twee.

Die subsidiebedrag word dan bepaal volgens die totale eie bydrae (kyk Tabel 1).

**5. Wat behels eie bydrae?**

Die subsidie dien slegs as 'n finansiële aanvulling tot wat 'n applikant reeds oor beskik. Eie bydrae is gevolglik die bedrag wat 'n applikant moet inbring om deel te vorm van die totale kapitale pakket; dit is eie bydrae plus subsidie.

**6. Word net kontant aanvaar as eie bydrae?**

Daar is verskeie maniere waarop 'n eie bydrae gemaak kan word, byvoorbeeld:

***(a) Kontantbydrae***

`n Applikant kan 'n minimum van R5 000 bydra om te kwalifiseer vir 'n subsidie van R20 000 tot 'n maksimum van R400 000, wat weer kwalifiseer vir `n subsidie van R100 000.

***(b) Soortgelyke bydrae***

Daar is verskeie maniere om 'n soortgelyke bydrae te maak, byvoorbeeld: Eiendom, masjinerie toerusting en lewende hawe. Hierdie sal gelykstaan aan die items se huidige kontantwaarde en die totale bedrag sal dan as eie bydrae gebruik word.

***(c) Eie arbeid***

Enige aantal arbeidseenhede sal gelyk wees aan 'n maksimum eie bydrae van R5 000.

**7. Watter bates kan gebruik word as eie bydrae?**

Bestaande landboubates wat integrerend is tot die bedryf van die land/grond wat deur die program bekom sal word.

**8. Watter bates kan nie gebruik word as eie bydrae nie?**

(a) Grond wat voorheen bekom is deur 'n vroeëre subsidie, teruggawe, huursekuriteitsubsidie, donasie, ens.

**9. Wat gebeur as ek sommige bates nog nie afbetaal het nie?**

Uitstaande skuld op landboubates sal nie die mate waartoe hierdie bates ingereken sal word by eie bydrae beïnvloed nie.

**10. Wat is die maksimum en minimum bedrag wat 'n mens kan kry en wat is die ooreenstemmende eie bydrae?**

Om te kwalifiseer vir 'n minimum bedrag van R20 000 is 'n minimum eie bydrae van R5 000 (kontant of soortgelyke bydrae) nodig, en om vir 'n maksimum van R100 000 te kwalifiseer word 'n maksimum eie bydrae van R400 000 vereis.Tussen die minimum en maksimum bedrae is daar `n kontinuum van subsidiebedrae, afhangend van die deelnemer se eie bydrae (kyk subsidieskaal en eie bydrae).

**11. Hoe werk dit dat hoe kleiner die bedrag wat jy bydra hoe groter is die subsidiekoers in vergelyking met groter bydraes?**

Die program is bedoel om die armes te help. Die subsidieskaal is gevolglik so ontwerp dat hoe minder geld jy beskikbaar het hoe groter is die subsidie tot eie bydrae koers wat jy ontvang in vergelyking met wat iemand met 'n groter bydrae ontvang.

**2. Waarvoor sal ek die subsidie moet gebruik?**

(a) Verkryging van grond

(b) Grondverbeterings, belegging in infrastruktuur, kapitaalbates en korttermynlandbou-insette.

**13. Watter departement(e) is verantwoordelik vir die program?**

Subsidies sal voorsien word deur die Departement van Grondsake. Die Departemente van Grondsake en van Landbou sal egter saamwerk in die toesighouding oor die totale program.

**14. Wie behoort aansoek te doen?**

Persone wat

- Lede is van 'n voorheen benadeelde groep (swart, kleurling of Indiër)
- Ouer as 18 jaar is
- Beplan om die grond uitsluitlik vir landboudoeleindes te gebruik
- Beplan om op 'n voltydse basis te boer (uitgesluit veiligheidsnetprojekte)
- Nie 'n pos in staatstrukture beklee nie
- Bereid is om deel te neem aan 'n opleidingsprogram na die verkryging van die grond
- In staat is om 'n eie bydrae te lewer
- 'n Georganiseerde eenheid is, indien dit 'n groep is wat aansoek doen
- 'n Bankrekening het.

**15. Wat behels veiligheidsnetprojekte?**

Die LRAD program is ontwerp dat begunstigdes in enige produksievlak tot die program kan toetree, byvoorbeeld

***(a) Veiligheidsnetprojekte***

By hierdie produksievlak bekom begunstigdes grond om hoofsaaklik vir eie gebruik te produseer

***(b) Aandeleskemas***

Lede van 'n groep dra elkeen `n vasgestelde bedrag by om die grond te bekom. Elke lid verkry op sy beurt 'n sekere persentasie aandeel in die projek ooreenkomstig sy bydrae. Hierdie aandeel is gelykstaande aan elke individu se bydrae plus die subsidiebedrag. Die aandeelhouers is die plaas se mede-eienaars en werknemers.

***(c) Markproduksie***

Party deelnemers sal die skema by 'n hoër vlak betree as bogenoemde persone. Hulle sal waarskynlik meer boerderyondervinding hê asook toegang tot addisionele finansiering (banklenings).Verder sal hulle ook eie bates en kontant hê om groter plase aan te koop en gevolglik op 'n veel groter skaal boer.

***(d) Landbou in kommunale gebiede***

'n Hele aantal persone in kommunale gebiede het reeds toegang tot landbougrond verkry, maar het egter nie die nodige fondse om die grond produktief te begin gebruik nie. Hulle sal toegelaat word om aansoek om hulp te doen om produktiewe investerings op die grond aan te bring. Hierdie tipe projekte kan of op 'n laer produksieskaal wees (veiligheidsnetprojekte) of op 'n hoër skaal (markproduksie).

**16. Watter tipe grond kan ek aankoop volgens die program?**

Enige soort landbougrond in Suid-Afrika, ongeag die huidige huurstatus, is geskik vir herverdeling volgens die program, uitgesonderd kommunale grond in die vorige tuislande.

**17. Kan 'n mens grond verkry terwyl jy elders werk?**

Een van die vereistes is dat die applikant tot voltydse boerdery verbind moet wees behalwe in die geval van veiligheidsnetprojekte, waar die begunstigdes net genoeg vir eie verbruik produseer.

**18. Watter tipe bystand sal ek van die Regering ontvang nadat ek die grond gekry het?**

Die Departement van Landbou beskik oor 'n naooreenkoms-bystandsdiens vir boere. Opleiding sal periodiek voorsien word en veldbeamptes sal in al die distrikte beskikbaar wees om tegniese bystand aan alle boere te verleen (opkomend sowel as kommersieel).

**19. Watter dokumentasie word van my vereis?**

- Grondgebruiksvoorstel/plaasplan (projekvoorstel).
- 'n Verkoopsopsie teen 'n ooreengekome prys, indien verhuur word met die opsie om te koop.
- 'n Lys van die lede van die huishouding of groep.
- Bevestiging dat die grondtitel oop is sonder grondeise, registrasie op die verkoper se naam en dat die verhandelde prys nie hoër is as die gewaardeerde markwaarde nie.
- Bewys van die beskikbaarheid van die res van die finansiering (eie fondse of gebeurlikheidsleenkontrak).
- Waardasieverslag.

**20. Waar is bystand beskikbaar in verband met die professionele voorbereiding van bogenoemde dokumentasie?**

Applikante kan al die beplanning self doen of van 'n ontwerp-agent se dienste gebruik maak. Dit is nie verpligtend om 'n agent te gebruik as jy self aan al die vereistes kan voldoen nie. Indien nodig kan distriksbeamptes ook hulp aan applikante verleen.

Indien jy besluit om 'n ontwerp-agent te gebruik, kan jy toegang verkry tot die lys agente by provinsiale grondhervormingskantore. Hulle sal dan al die werk afhandel en 'n beplanningsubsidie sal beskikbaar gestel word vir hulle betaling.

**TABEL 1 Subsidieskaal en eie bydrae**

| EIE BYDRAE | **10 000** | **20 000** | **30 000** | **40 000** | **50 000** | **60 000** | **70 000** | **80 000** | **90 000** | **100 000** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 25 798 | 33 278 | 38 622 | 42 926 | 46 592 | 49 819 | 52 721 | 55 371 | 57 819 | 60 100 |
| **1000** | | 26717 | 33880 | 39090 | 43317 | 46932 | 50122 | 52996 | 55624 | 58054 | 60320 |
| **2000** | | 27585 | 34463 | 39548 | 43702 | 47268 | 50422 | 53269 | 55875 | 58287 | 60539 |
| **3000** | | 28408 | 35031 | 39998 | 44081 | 47600 | 50720 | 53540 | 56125 | 58519 | 60756 |
| **4000** | | 29192 | 35583 | 40439 | 44455 | 47928 | 51014 | 53808 | 56372 | 58750 | 60972 |
| **5000** | 20000 | 29941 | 36120 | 40871 | 44823 | 48252 | 51305 | 54074 | 56618 | 58978 | 61187 |
| **6000** | 21385 | 30659 | 36644 | 41296 | 45187 | 48572 | 51594 | 54337 | 56861 | 59206 | 61400 |
| **7000** | 22631 | 31350 | 37156 | 41714 | 45545 | 48889 | 51879 | 54599 | 57103 | 59431 | 61612 |
| **8000** | 23768 | 32015 | 37655 | 42125 | 45899 | 49202 | 52162 | 54858 | 57343 | 59656 | 61823 |
| **9000** | 24819 | 32657 | 38144 | 42528 | 46248 | 49512 | 52443 | 55116 | 57582 | 59879 | 62033 |

| EIE BYDRAE | **110000** | **120000** | **130000** | **140000** | **150000** | **160000** | **170000** | **180000** | **190000** | **200000** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| - | 62241 | 64262 | 66180 | 68006 | 69751 | 71424 | 73032 | 74582 | 76077 | 77524 |
| **1000** | 62448 | 64458 | 66366 | 68184 | 69921 | 71588 | 73190 | 74733 | 76224 | 77666 |
| **2000** | 62654 | 64654 | 66552 | 68361 | 70091 | 71751 | 73347 | 74885 | 76371 | 77808 |
| **3000** | 62859 | 64848 | 66736 | 68537 | 70260 | 71913 | 73503 | 75036 | 76516 | 77949 |
| **4000** | 63063 | 65041 | 66920 | 68713 | 70428 | 72075 | 73659 | 75186 | 76662 | 78090 |
| **5000** | 63266 | 65233 | 67103 | 68888 | 70596 | 72236 | 73814 | 75336 | 76807 | 78230 |
| **6000** | 63467 | 65424 | 67285 | 69062 | 70763 | 72396 | 73968 | 75485 | 76951 | 78370 |
| **7000** | 63668 | 65614 | 67467 | 69235 | 70929 | 72556 | 74123 | 75634 | 77095 | 78510 |
| **8000** | 63867 | 65804 | 67647 | 69408 | 71095 | 72715 | 74276 | 75782 | 77239 | 78649 |
| **9000** | 64065 | 65992 | 67827 | 69580 | 71260 | 72874 | 74429 | 75930 | 77382 | 78788 |

| EIE BYDRAE | **210000** | **220000** | **230000** | **240000** | **250000** | **260000** | **270000** | **280000** | **290000** | **300000** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| - | 78926 | 80286 | 81608 | 82893 | 84145 | 85366 | 86558 | 87722 | 88860 | 89973 |
| **1000** | 79064 | 80420 | 81738 | 83020 | 84269 | 85487 | 86675 | 87837 | 88972 | 90083 |
| **2000** | 79201 | 80553 | 81867 | 83146 | 84392 | 85607 | 86793 | 87951 | 89084 | 90193 |
| **3000** | 79338 | 80686 | 81997 | 83272 | 84515 | 85727 | 86910 | 88066 | 89196 | 90302 |
| **4000** | 79475 | 80819 | 82126 | 83398 | 84637 | 85846 | 87027 | 88180 | 89308 | 90412 |
| **5000** | 79611 | 80951 | 82255 | 83523 | 84760 | 85966 | 87143 | 88294 | 89419 | 90521 |
| **6000** | 79747 | 81083 | 82383 | 83648 | 84882 | 86085 | 87259 | 88408 | 89531 | 90630 |
| **7000** | 79882 | 81215 | 82511 | 83773 | 85003 | 86203 | 87375 | 88521 | 89642 | 90738 |
| **8000** | 80017 | 81346 | 82639 | 83898 | 85125 | 86322 | 87491 | 88634 | 89752 | 90847 |
| **9000** | 80152 | 81477 | 82766 | 84022 | 85246 | 86440 | 87607 | 88747 | 89863 | 90955 |

| EIE BYDRAE | **310000** | **320000** | **330,000** | **340,000** | **350000** | **360000** | **370000** | **380000** | **390000** | **400000** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| - | 91063 | 92131 | 93178 | 94206 | 95214 | 96204 | 97177 | 98134 | 99074 | 100000 |
| **1000** | 91171 | 92237 | 93282 | 94307 | 95314 | 96302 | 97274 | 98228 | 99168 | |
| **2000** | 91278 | 92342 | 93385 | 94409 | 95413 | 96400 | 97370 | 98323 | 99261 | |
| **3000** | 91386 | 92447 | 93489 | 94510 | 95513 | 96498 | 97466 | 98418 | 99354 | |
| **4000** | 91493 | 92553 | 93592 | 94611 | 95612 | 96595 | 97562 | 98512 | 99446 | |
| **5000** | 91600 | 92657 | 93694 | 94712 | 95711 | 96693 | 97657 | 98606 | 99539 | |
| **6000** | 91707 | 92762 | 93797 | 94813 | 95810 | 96790 | 97753 | 98700 | 99632 | |
| **7000** | 91813 | 92866 | 93899 | 94913 | 95909 | 96887 | 97848 | 98794 | 99724 | |
| **8000** | 91919 | 92971 | 94002 | 95014 | 96008 | 96984 | 97944 | 98888 | 99816 | |
| **9000** | 92025 | 93075 | 94104 | 95114 | 96106 | 97081 | 98039 | 98981 | 99908 | |

SUBSIDIESKAAL VOLGENS EIE BYDRAE

| SUBSIDIE | **20000** | **30,000** | **40,000** | **50,000** | **60000** | **70000** | **80,000** | **90,000** | **100000** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| - | 5000 | 15080 | 33005 | 60596 | 99548 | 151463 | 217,873 | 300245 | 400000 |
| **1000** | 5710 | 16489 | 35301 | 63953 | 104130 | 157427 | 225368 | 309415 | |
| **2000** | 6481 | 17977 | 37695 | 67425 | 108844 | 163538 | 233024 | 318761 | |
| **3000** | 7315 | 19549 | 40189 | 71014 | 113690 | 169796 | 240843 | 328283 | |
| **4000** | 8214 | 21204 | 42784 | 74722 | 118671 | 176204 | 248825 | 337983 | |
| **5000** | 9180 | 22945 | 45484 | 78550 | 123788 | 182763 | 256974 | 347863 | |
| **6000** | 10214 | 24774 | 48289 | 82499 | 129042 | 189474 | 265289 | 357923 | |
| **7000** | 11320 | 26693 | 51201 | 86572 | 134435 | 196339 | 273772 | 368166 | |
| **8000** | 12498 | 28703 | 54222 | 90770 | 139969 | 203360 | 282425 | 378592 | |
| **9000** | 13751 | 30807 | 57353 | 95095 | 145644 | 210537 | 291249 | 389203 | |

*Aangesien die program oor 'n tydperk van 15 tot 20 jaar sal funksioneer, sal voordele (subsidies) volgens die program geïndekseer word in reële Randwaardes*

## 21. Hoe begin ek met die proses?

Skakel (012) 319 7020 of raadpleeg die naaste kantoor van die Departement van Grondsake of provinsiale landboukantore.

## Provisionale Departemente van Landbou en van Grondsake

| **Provinsie** | **Departement** | **Kontakpersoon** | **Tel nommer** |
|---|---|---|---|
| Gauteng | Landbou | V. Titi | 011-355 1317 |
| | Grondsake | M. Ndlela | 012-310 6500 |
| Mpumalanga | Landbou | R. Matare | 013-755 4721 |
| | Grondsake | A.van der Merwe | 013-755 3499 |
| Vrystaat | Landbou | M.B. Motsie | 051-8611258 |
| | Grondsake | W. Barnes | 051-400 4200 |
| KwaZulu-Natal | Landbou | W. Urquhart | 033-343 1397 |
| | Grondsake | M. Shabane | 033-355 4300 |
| Noordwes | Landbou | Mr Seobi | 018-389 5723 |
| | Grondsake | P. Mongae | 018-384 2437 |
| Noord-Kaap | Landbou | F. du Toit | 053-838 9111 |
| | Grondsake | O. Mvula | 053-831 4090 |
| Noordelike Provinsie | Landbou | J. Thupane | 015-295 7090 |
| | Grondsake | E. Letsoalo | 015-297 3539 |
| Wes-Kaap | Landbou | I. Olckers | 021-808 5103 |
| | Grondsake | S. Middleton | 021-426 2947 |
| Oos-Kaap | Landbou | Mr Pityi | 040-609 3532 |
| | Grondsake | M. Kenyon | 043-743 4689 |

**2001**

Saamgestel deur Direktoraat Kommunikasie in samewerking met Direktoraat Hervestiging en Ontwikkeling van Boere

Gedruk en uitgegee deur die Departement van Landbou,
Direktoraat Kommunikasie en verkrygbaar van die Resource Centre
Privaatsak X144, Pretoria, 0001Suid-Afrika